ProAgri

tegnologie vir die boer
technology for the farmer

No / Nr 308
ISSN 1042 - 1558

Gratis / Free

Vooruitstrewende familieboerdery kies Massey Ferguson

Corteva se SureStart® bring gemoedsrus vir mielieboere

VALTRAC
TRACTORS • IMPLEMENTS • SERVICE • PARTS

Ontmoet die baas van die plaas:

Valtra S6 en splinternuwe Q-reeks

www.agri4all.com

www.proagri.co.za

ALLE TREKKERS

GENIET 5 JAAR VAN SORGVRYE BESIT

FENDT
5 JAAR
5000 URE
VOLLE VERVAARDIGER
WAARBORG

Meer inligting?
www.fendt.com/za
africasales@agcocorp.com

LEIERS BESTUUR
FENDT

Beste ProAgri-leser,

Ons staan aan die begin van 'n nuwe seisoen - 'n tyd van hoop, van voorbereiding, en van harde werk. Vir baie boere is dit planttyd, 'n kritieke tyd waarin elke besluit, elke saadjie en elke pit in die grond asook elke reëndruppel, 'n verskil kan maak. In hierdie tyd dink ek regtig aan elke boer in die land, en ek bid dat dit 'n geseënde en gesonde seisoen vir elkeen sal wees.

Ek het onlangs die voorreg gehad om Leeuwheuvel Boerdery buite Vryburg te besoek... wat 'n vooruitstrewende familieboerdery! Wat my bybly, is nie net hulle vooruitstrewende denke in terme van boerdery en besluitneming en die manier waarop hulle die grond berook om aalwurm te bekamp nie, maar ook die hart en samehorigheid van die familie wat agter die boerdery staan. Lees meer op bladsy 4.

In hierdie uitgawe kyk ons ook na Valtrac se indrukwekkende Valtra S6-trekker en die splinternuwe Valtra Q-reeks. Hierdie trekkers word ontwerp en vervaardig om jou as boer te ondersteun, om jou werk makliker te maak en om te help dat jou boerdery die beste moontlike resultate kan lewer. Lees meer oor hierdie trekkers op bladsy 3.

Ons weet dat insetkoste toenemend styg, dat die uitdagings van die mark en die klimaat soms swaar voel, en dat elke besluit nou nog belangriker is as ooit tevore. Dus is dit noodsaaklik om toegerus te wees met kennis, om in te lig en te verstaan, en om wyse besluite te neem wat die toekoms van julle boerderye en families sal beskerm. By ProAgri streef ons daarna om hierdie kennisbron vir julle te wees, om praktiese insigte, nuus en stories met julle te deel wat nie net interessant is nie, maar ook werklik waarde toevoeg.

Ons waardeer elke boer en betrokke persoon in die landboubedryf. Julle werk, julle passie en julle volharding inspireer ons elke dag om beter te doen, om stories te vertel wat regtig saak maak en om 'n vennoot in julle landboureis te wees. Mag hierdie seisoen vir julle geseënd wees.

Landbou groete!
Bianca Henning
bianca@proagri.co.za

Op ons voorblad

Valtrac se splinternuwe Valtra Q-reeks – 'n moderne, veelsydige werkesel wat ontwerp is om jou boerdery na die volgende vlak te neem. Lees meer op bladsy 3.

ProAgri
Posbus 72707, Lynnwoodrif /
Rossouwstraat 577
Die Wilgers, Pretoria
079-515-8708
www.proagri.co.za

Copyright © 2025. All rights reserved. No material, text or photographs may be reproduced, copied or in any other way transmitted without the written consent of the publisher. Opinions expressed are not necessarily those of the publisher or of the editor. We recognise all trademarks and logos as the sole property of their respective owners. ProAgri shall not be liable for any errors or for any actions in reliance thereon.

Inhoudsopgawe / Contents

Voorbladartikel
3. Ontmoet die baas van die plaas: Die Valtra S6-trekker én die splinternuwe Valtra Q-reeks!

Meganisasie
4. Van beroking tot oes: Massey se rol binne Leeuwheuvel Boerdery
9. New Holland stel nuwe generasie CR10-stroper in Suid-Afrika bekend
12. Presisie, krag en tegnologie: Fendt beïndruk boere by Dalton Boeredag

Hulpbronbestuur
15. Wholesale Fencing SA: Your trusted partner in agricultural and commercial fencing

Gewasproduksie
17. Corteva's SureStart® brings peace of mind to maize farmers

Vee en Wild
19. Miltsiekte: Boere by Wildtuin moet roer om besmetting te voorkom
23. Vriend of vyand deel 2: Rooikatte

Agri4all

ProAgri

Redakteur tydskrif en aanlyn
Bianca Henning > 082-326-2572 bianca@proagri.co.za

Verslaggewers
Natasha Pretorius > 083-468-2653 natasha@proagri.co.za
Benine Ackermann > 073-105-6938 benine@proagri.co.za

Bemarkingsbestuurder
Diane Grobler > 082-555-6866 diane@proagri.co.za

Bemarkers
Xander Pieterse > 062-391-6507 xander@proagri.co.za
Tiny Smith > 082-698-3353 tiny@proagri.co.za
Kevin Greef > 078-374-8597 kevin@proagri.co.za

Skeppende bestuurder
Anja Oosthuizen > anja@proagri.co.za

Uitleg en ontwerp
Jamie-Lee Botha & Cara Watson

Kliëntverhoudingsbestuurder Navrae
Engela Botha > 084-088-0123 engela@proagri.co.za

Rekeninge
Ronel Schluter > accounts@proagri.co.za

Verspreiding en intekening
Nita Volmer-van Zyl > 079-515-8708 nita@proagri.co.za

Sakebestuurder
George Grobler

SUIGPYPE DIREK VAN DIE VERVAARDIGER

VIR DIE MYN- EN LANDBOUBEDRYF

Ons verskaf pasgemaakte oplossings
vir jou rubberslangvereistes.

L-Flex

lflex.co.za

Gert Burger (gert@lflex.co.za)
083 267 2635 | admin@lflex.co.za
Kantoor nommer | 079 771 1822

No 30 Pittsburg Street, Cnr Apex Street,
Apex Industrial, Benoni

Ontmoet die baas van die plaas:

Die Valtra S6-trekker én die splinternuwe Valtra Q-reeks!

Artikel voorsien

Elke plaas kort 'n baas; iemand wat kan touwys maak en leiding gee. Maar wat is die boer sonder sy bobaas staatmakertrekker? Dit is waar die Valtra S6 én die Valtra Q-reeks handig te pas kom!

Die Valtra S6 is nie sommer enige trekker nie

Hierdie sesdegeslag-trekker is die toppunt van Valtra se krag, presisie en 'n tikkie styl.

Die koppelaarkoning

Die 8,4 liter-enjin is gegrond op dié van AGCO Power. Met 420 perdekrag en tot 1 750 Nm wringkrag, is hierdie bul geskik vir die grootste, skynbaar onmoontlike take. Dit is Valtrac se kragtigste trekker tot dusver en wanneer dit by swaar en harde werk kom, stuit hy vir niks!

Uit en tuis, by die huis (of is dit nou die kajuit?)

Met die talle ure wat 'n boer in sy trekker se kajuit deurbring, behoort dit behoorlik soos huis te voel. Daarom is gemak ook nie iets waaroor Valtra eers meer debatteer nie. Met Valtra se AutoComfort-vering, gly die trekker glad oor die rowwe landerye. Vir 'n beter uitsig bied die SkyView-kajuitopsie die perfekte panoramiese uitsig.

Die bielie agter die boer

Naas sy hond, is 'n trekker 'n boer se beste vriend! En net soos elke boer dink sý hond is die soetste, oulikste en mooiste, behoort elke boer te voel sy trekker is nommer een. Daarom bied Valtra se Unlimited Studio vir boere die geleentheid om die S6 aan te pas volgens hulle behoeftes en voorkeure. Voeg veiligheidskameras, spesiale verf, ekstra ligte en 'n outomatiese banddrukstelsel by. As dit wettig en fisies moontlik is, kan die Unlimited Studio dit doen!

Doeltreffendheid is die naam van die spel

Die S6-trekker se ontwerp help jou om brandstof te bespaar sonder om te kroek. Danksy 'n slim dieselpartikelfilter (DPF) en selektiewe katalitiese reduksiestelsel (SCR) gebruik die trekker minder diesel en gee die boer die lekker warm wete dat hy nie die lug met waterstofoksied besoedel nie.

Die vernuftige Valtra se agterste hyser tel 12 000 kg op en sy voorste hyser 5 800 kg. Hierdie trekker is gemaak vir swaar hyserwerk. Met 'n hidrouliese vloeitempo van tot 400 liter per minuut, hanteer die trekker groot werktuie maklik, en sy knap draaisirkel van 8,2 meter maak hierdie reus so ligvoets soos 'n ribbok.

Maar dit is nie al nie: 'n verdere lig in die boer se lewe is die Valtra S6 se LUD-ligte waarvan daar genoeg rondom is om nag soos dag te laat lyk.

En dan is daar die nuwe Valtra Q-reeks – die slimmer tussenklas-reus!

As jy jou boerdery se produktiwiteit na 'n volgende vlak wil neem, maar nie noodwendig die volle omvang van die S6 benodig nie, dan is die Q-reeks jou goue middeweg.

Die perfekte balans

Die Valtra Q-reeks vul die gaping tussen die T- en S-reeks en is beskikbaar in modelle vanaf 230 tot 305 perdekrag. Sy enjin is net so robuus soos sy voorkoms, met presiese kraglewering danksy 'n AGCO Power 7,4-liter-enjin en die bekroonde SmartTouch-beheerinterface, wat reeds boere wêreldwyd beïndruk het.

Krag, slim tegnologie en gemak

Die Q-reeks is ontwerp met hoë werkverrigting én gemak in gedagte. Met presisieboerdery-integrasie, 'n volledig gesuspendeerde kajuit, en intelligente tegnologie soos auto-guidance, ISOBUS en telemetika, gee hierdie trekker die boer alles wat nodig is om groter, vinniger en slimmer te werk.

Die stewige raam, indrukwekkende hidrouliese kapasiteit van tot 200 liter per minuut en doeltreffende brandstofverbruik maak die Q-reeks 'n ware werkesel – sonder om jou beursie weens brandstof en onderhoud leeg te tap.

Styl wat werk

Net soos sy groter boetie, die S6, kan die Q-reeks ook pasgemaak word deur Valtra se Unlimited Studio – van kajuituitrusting tot eksterne funksies.

Watter een is reg vir jou plaas?

Of jy nou op soek is na 'n absolute reus soos die S6, of 'n veelsydige prestasie-trekker in die vorm van die Q-reeks, Valtrac bring nou albei na Suid-Afrika – gereed om plaaswerk te verander soos ons dit ken.

Besoek gerus die webwerf op **www.valtrac.co.za** om die hele reeks trekkers en ander werktuie te sien.

Van beroking tot oes:

Massey se rol binne Leeuwheuvel Boerdery

deur Bianca Henning

Tussen die uitgestrekte lande van die Christiana- en Vryburg-distrik lê die hart van Leeuwheuvel boer, 'n familieboerdery waar boerdery nie net 'n beroep is nie, maar 'n lewenswyse wat diep in die bloed van drie geslagte vloei.

"Ek en my pa en broer, Schalk, boer saam en ek is een van die drie direkteure van Leeuwheuvel Boerdery," vertel Henno van der Merwe, mede-direkteur van Leeuwheuvel Boerdery.

"Ons is die derde generasie wat op die plaas boer. My oupa het die grond in 1949 gekoop, waarna my pa in die laat sewentigs en vroeë tagtigs oorgeneem het. Ek en my broer het in 2010 saam met hom begin boer."

Waar Henno se oupa destyds met vee begin het en later 'n saaiboerdery bygevoeg het, het die volgende geslag die familiepad verder uitgebou. "My pa het in 1982 begin aartappels plant en in 1983 vir die eerste keer saadaartappels verbou," sê Henno. "Vandag is dit steeds die kern van ons boerdery."

Vir die Van der Merwes is dit 'n groot voorreg om saam as familie te kan boer en die nalatenskap van vorige geslagte voort te dra. "Boerdery is in 'n familie se bloed," sê Henno. "Ons het dit gelukkig reggekry om mekaar goed aan te vul binne die boerdery. Selfs my suster het onlangs by ons aangesluit, dit is vir ons almal 'n ongelooflike voorreg om voort te bou op dit wat my oupa en pa gevestig het."

Met 'n passie vir gehalte as dryfveer, is Leeuwheuvel Boerdery se fokus duidelik: om topgehalte saadaartappels vir die mark te lewer. "Elke oggend as ek opstaan, en elke aand voor ek gaan slaap, is dit die eerste ding waaraan ek dink om die beste moontlike saad te produseer wat ons kan," sê Henno.

Vandag is Leeuwheuvel 'n gediversifiseerde boerdery met twee hoofvertakkings die eenheid in Christiana aan die Vrystaatkant van die rivier in die Boshoff-distrik, en 'n tweede eenheid in Vryburg in die Louna-Coetzer dam-omgewing. Op albei eenhede word saadaartappels verbou, terwyl hulle ook trots is op hulle Bonsmara-stoet, wat die beesvertakking van die bedryf vorm.

Binne die boerdery funksioneer 'n goed gestruktureerde bestuursmodel wat doeltreffendheid verseker. "Ons het 'n topbestuur, middelvlakbestuur en juniorvlakbestuur," verduidelik Henno. "Ek, my pa en broer vorm die topvlak waar ons die langtermyn- en finansiële besluite neem. Ek en Schalk werk saam met ons vier produksiebestuurders op middelvlak waar die daaglikse besluite geneem word, terwyl ons junior bestuurders die mense is wat die werk op grondvlak laat gebeur. 'n Boerdery of besigheid is immers net so sterk soos die span wat agter jou staan."

Gesonde grond, gesonde oes – beroking en wisselbou as kernstrategie

Vir Henno en sy span is gesonde grond die begin en einde van elke suksesvolle saadproduksieseisoen. Aangesien aalwurms een van die grootste uitdagings vir saadaartappelboere is, het Leeuwheuvel Boerdery deur die jare 'n deeglike en volhoubare strategie ontwikkel om dié pes onder beheer te hou. "Ons werk met 'n gemiddelde sewejaar-wisselbouprogram op ons aartappellande," sê Henno. "Ons begin reeds ongeveer 14 maande voordat ons aartappels plant met die bewerkingsproses. Dit gee vir ons genoeg tyd om die grond voor te berei en om grondoordraagbare siektes, veral aalwurm, te beperk."

Beroking is 'n belangrike deel van hierdie proses. "Ons berook hoofsaaklik vir aalwurmbeheer," sê hy. "Hoewel dit nie die enigste praktyk is wat ons gebruik nie, bly dit 'n kernkomponent van ons produksiebestuur."

By Leeuwheuvel word elke bewerking met omgewingsverantwoordelikheid in gedagte gedoen. "Ons probeer alles so omgewingsvriendelik as moontlik doen. Ons glo daaraan om so naby aan die natuur te boer as wat ons kan," verduidelik Henno. "Ons wisselbou sluit die aanplant van wintergewasse soos swarthawer en Japannese radyse in, gewasse wat nie 'n gasheer is vir

> "Omdat ons met sirkels werk, help die tegnologie om oorvleueling en vermorsing drasties te verminder."

aalwurm nie. Só skep ons 'n omgewing waar die aalwurm eenvoudig nie kan oorleef nie, en dit stel ons terselfdertyd in staat om met minder chemikalieë weg te kom."

Hierdie wintergewasse speel egter 'n dubbele rol binne die boerdery. Benewens die grondgesondheid wat dit bevorder, dien dit as natuurlike weiding vir die Bonsmara-kudde. "Van Mei tot middel September oorleef ons beeste op die winterweidings," vertel Henno. "Die biologiese lewe wat hulle saambring, veral deur hulle mis, maak ons grond net nog gesonder. Dis 'n natuurlike kringloop wat vir ons uitstekend werk."

Niks mooier as 'n Massey-trekker in aksie wanneer die grond voorberei en berook word vir die komende aartappelplantseisoen. Betroubare meganisasie help om aalwurm onder beheer te hou en te verseker dat die saad die beste moontlike omgewing het om te floreer.

Massey in die prentjie – betroubaarheid vir 'n vooruitstrewende boerdery

By 'n produksiebedryf van hierdie omvang is betroubare meganisasie ononderhandelbaar. Vir Leeuwheuvel Boerdery was die keuse van trekkers dus 'n strategiese besluit wat direk met hulle ligging, grondtipe en bewerkingspraktyke verband hou.

"Die groot rede waarom ons op Massey Ferguson besluit het, was as gevolg van die ligging van ons boerderyeenhede," sê Henno. "In ons bewerkingstruktuur gebruik ons die groter Massey-trekkers van tussen 160 en 200 kW hoofsaaklik vir primêre bewerkings soos grondvoorbereiding en beroking, terwyl die kleiner modelle van 120 kW, soos die 6- en 7-reekse, aangewend word vir sekondêre bewerkings. Hulle is geskik vir tussenrybewerking, skoffelwerk, kunsmisstrooi en bespuiting."

Een van die trekkers wat die Van der Merwes besonder beïndruk het, is die Massey 8S-reeks. "Die 8S is 'n ongelooflike ekonomiese trekker, veral wat brandstofverbruik betref," sê Henno. "In vergelyking met sy voorgangers sien ons 'n 20 tot 30% verbetering in brandstofdoeltreffendheid, en dit maak 'n geweldige verskil in 'n tyd waar insetkoste bly styg."

Boonop, voeg hy by, het die 8S uitstekende gewigsverspreiding en hantering. "Die rygerief, balans en gebruikersvriendelikheid is puik. Massey het regtig 'n goeie werk gedoen om die trekker nie net meer ekonomies nie, maar ook gemakliker en tegnies gevorderd te maak."

Tegnologie speel ook 'n sleutelrol in hulle produksie. "Die GPS-stelsels op die trekkers is vir ons van kardinale belang," verduidelik Henno. "Omdat ons met sirkels werk, help die tegnologie om oorvleueling en vermorsing drasties te verminder, iets wat veral belangrik is met duur insetprodukte. Dit verseker dat elke druppel en elke korrel presies daar beland waar dit moet."

Henno van der Merwe en Johnny Sholtz van JBJ Ma-sjinerie. 'n Sterk vennootskap en uitstekende naverkope diens verseker dat die boerdery se trekkers altyd in die beste toestand is, sodat produksie nie gestaak word tydens kritieke seisoene nie.

Wanneer dit by ondersteuning en naverkope diens kom, besing Hanno hulle plaaslike verskaffer se lof. "Ons naaste verskaffer is JBJ in Schweizer-Reneke, en ons stap al 'n lang pad saam, selfs nog voordat ons met Massey begin het. Johnny en sy span lewer vir ons uitstekende diens, en dit beteken baie. Dit is al vir ons soos deel van die familie jy weet jou belange word opreg op die hart gedra."

Die Van der Merwes het aanvanklik met JBJ in aanraking gekom deur die huur van trekkers by die ou BHBW, en toe hulle sien hoe goed die trekkers presteer, het hulle sommer besluit om dit aan te koop. Die eerste trekker wat hulle deur JBJ aangeskaf het, was 'n Massey Global-reeks 6713, gevolg deur 'n groter 8S, wat hulle spesifiek nodig gehad het vir primêre bewerkings. Daarna het hul vloot uitgebrei met nog Global-reeks trekkers en die MF 7724 en MF 8727.

JBJ – 'n Venoot op lang termyn

Johnny Sholtz, eienaar van JBJ, het hom van jongs af in die landboubedryf bewys en in 2008 JBJ gestig met die fokus op grondverskuiwingsmasjinerie. Kort daarna het hy in 2009 die Massey-handelaarskap bekom.

"Aan die begin was dit moeilik om 'n kliëntebasis op te bou," vertel Johnny. "Die laaste Massey-agentskap in die area het uitgesterf en ons moes feitlik van nuut begin. Gelukkig het ek hier



ROOI OKTOBER AANBIEDING

Trekkers, Stropers, Spuite, Planters, Hooitoerusting, ...en meer!

Maksimum Waarde.
Onverbeterlike Pryse.

Skandeer die kode en sien alles wat ons te koop het!

Besoek ons webwerf:
www.masseyferguson.com

SKANDEER

MASSEY FERGUSON

Bepalings en voorwaardes geld.

grootgeword en het baie vriende en familie in die omgewing vertroue in my gehad. Langsaam het die handelsmerk weer opgebou en toe die trekkers begin presteer, het die boere self gesien hoe goed die produk werk."

Johnny beskryf die verhouding met die boere as 'n langtermynverbintenis. "Dit is amper soos 'n huwelik wanneer jy 'n trekker aflewer. Dit is 'n duur produk wat vir die volgende tien tot vyftien jaar gebruik gaan word. Ons fokus is nie net om 'n transaksie af te handel nie, ons doen 90% van die werk by die boere op die plaas met diensbakkies en werktuigkundiges. Sodra daar ernstige probleme is, hanteer ons dit vinnig en professioneel."

Vir Henno is die sukses van enige produk uiteindelik net so sterk soos die diens wat dit ondersteun. " 'n Groot deel van 'n boerdery se doeltreffendheid lê daarin dat jou toerusting nie staan nie," sê hy.

Grondvoorbereiding is die sleutel tot topgehalte saad, en die Massey-trekkers by Leeuwheuvel maak ligte werk van primêre bewerkings soos grondvoorbereiding.

Henno som Massey op as: " 'n Goeie gehalte, ekonomiese en gebruikersvriendelike produk met uitstekende naverkope diens, en dit maak 'n beduidende die verskil."

"Wanneer dit planttyd is, moet dinge gebeur, jy kan nie bekostig dat 'n trekker vir dae stilstaan nie. Daarom is vinnige en betroubare diens vir ons van kritieke belang. Massey lewer beslis daardie vlak van ondersteuning."

'n Toekoms vol groei en geleenthede

Ten spyte van uitdagings in die bedryf, straal Henno se optimisme oor die toekoms van landbou deur. "Landbou is tans op 'n moeilike, maar tog goeie plek," sê hy. "Daar is soveel geleenthede vir uitbreiding en veral

vir jong boere om hulle merk te maak. Dit verg deursettingsvermoë om iets van die grond af te bou, maar die moontlikhede is daar, jy moet net bereid wees om die werk in te sit."

By Leeuwheuvel Boerdery is die fokus duidelik op groei, nie net in hektare nie, maar ook in waarde, tegnologie en markontwikkeling. "Tot dusver het ons hoofsaaklik horisontaal uitgebrei, maar ons kyk nou na verdere vertikale uitbreiding in die besigheid," verduidelik Henno. "Ons produseer saad vir Wesgro, en ons fokus sterk daarop om nuwe variëteite na Suid-Afrika te bring - variëteite wat beter aangepas is by ons klimaat, grond en verbruikersbehoeftes."

Die span kyk ook verder as Suid-Afrika se grense. "Ons het reeds goeie verhoudings en uitvoere binne die SADC-streek, en is besig om nuwe markgeleenthede in Asië te ondersoek. Die uitbreidingsmoontlikhede is groot, en dit maak ons opgewonde oor wat voorlê."

Wanneer die gesprek by die toekoms van meganisasie en sy Massey-trekkers kom, glimlag hy breed. "Om van dag een af met Massey te werk, was vir my 'n baie aangename ervaring," sê hy. "Dit is 'n trekker wat ek self geniet om mee te werk. In terme van waarde vir geld is dit 'n absolute bate vir ons boerdery."

Henno van der Merwe, derdegenerasieboer van Leeuwheuvel Boerdery naby Vryburg.

YouTube

Kyk die video hier

JBJ MACHINERY

Vir enige navrae of vir meer inligting, besoek Massey Ferguson se webtuiste of kontak JBJ Masjinerie by (+27)53-963-1832 | https://www.jbj-mf.co.za/

Kontak jou New Holland-handelaar vandag of bel ons:

Paul de Korte (064 752 1613) - KwaZulu-Natal, Mpumalanga
Quintus Smit (082 524 7397) - Wes-Kaap, Noord-Kaap en Oos-Kaap
Eduan Booyens (071 871 8163) - Noordwes, Vrystaat, Gauteng en Limpopo

www.newholland.com/za

NEW HOLLAND
SAAM JOU, SEISOEN NA SEISOEN

Vir huidige aanbiedinge besoek newhollandag.co.za

New Holland stel nuwe generasie CR10-stroper in Suid-Afrika bekend

Artikel voorsien

New Holland het amptelik die nuwe CR10-stroper in Suid-Afrika bekendgestel tydens die onlangse SSK Wintergraandag, bygewoon deur meer as 350 kliënte. Die geleentheid het ook 50 jaar van Twin Rotor™-innovasie gevier, wat New Holland in 1975 bekend gestel het en nou verder ontwikkel is in die Nuwe Generasie-stroperreeks, wat bestaan uit die vlagskip CR11 en sy metgesel, die CR10. Albei word vervaardig by New Holland se Stroper Sentrum van Uitnemendheid in Zedelgem, België.

Die CR10 kombineer meer krag, verhoogde graankapasiteit en nuwe skoonmaak- en skeidingstelsels om nuwe maatstawwe in deurset, graangehalte, verliesvermindering en operateurgerief te stel.

Krag, kapasiteit en voeringstelsel

Die CR10 word aangedryf deur 'n 12,9-liter FPT Cursor 13-enjin wat 635 pk lewer, gekoppel aan 'n 16 000 liter graantenk en 'n vinnige 210 l/sek aflaaispoed. Snytafel-opsies wissel van 10,6 m tot 15 m (35–50 vt) in 'n vaste, buigsame mes-, skuifmes- en draper-weergawe. Vir mielies is koppe van 12–16 rye beskikbaar, met skroeflengtes wat by die snytafel pas.

Die dryfstelsel beskik oor 'n swaar diens, veranderlike konfigurasie, met 'n deurlopend veranderlike ratkas (CVT)-aandrywing wat presiese beheer van snytafel- en voerderspoed moontlik maak volgens gewas- en veldtoestande. Die terugdraaifunksie van die voerder/snytafel word hidroulies via die CVT beheer.

Die Dynamic Feed Roll™ (DFR)-stelsel, wat nou heeltemal omkeerbaar is saam met die materiaal hyser en rotors, versnel en verdeel die gewasvloei eweredig na die dorskamer. 'n Hidroulies geaktiveerde kliptrog beskerm die masjien en kan direk vanuit die kajuit leeggemaak word.

Uitgebreide Twin Rotor™-stelsel

New Holland se kenmerkende Twin Rotor™-tegnologie, bekendgestel in 1975, is vergroot met twee 610 mm (24 duim) rotors van groter deursnee en lengte. Hierdie nuwe ontwerp verbeter gewassirkulasie, dorsdoeltreffendheid en skeidingskapasiteit. Elke rotor bevat 40 standaard raspstawe, 8 HX-raspstawe, en 12 gespiekte raspstawe vir veelsydige gewashantering. Die getrapte rotorkorf is breër in die skeidingsone met hoër leiplate, wat gewasvloei optimaliseer en kragdoeltreffendheid verbeter. Die hoek van die leiplate kan vanuit die kajuit verstel word, en die stelsel help gewasverplasing in omgekeerde modus.

Ligter konkawes en roosters, gerangskik in twee stelle van drie dorskonkawes en twee stelle van ses skeidingsroosters, verhoog werkverrigting en vergemaklik instandhouding.

Splinternuwe TwinClean™-skoonmaakskoen

Die TwinClean™-stelsel bied 'n tweefase-sifkonfigurasie, elk met 'n onafhanklike boonste en onderste sif en toegewyde graanskroewe. 'n Groot graanpan met verhoogde valvlak en 'n kragtige waaier verseker optimale lugvloei.

Outomatiese dwarsspreidingsmeganismes en dubbele druksensors balanseer lasverspreiding oor die siwwe, selfs op hellings van tot 28%. 'n Sywaartse skudaksie versprei materiaal egalig oor die volle breedte. Die totale sifoppervlak is 8,8 m^2, wat deurset aansienlik verhoog en verlies verminder.

Graanbestuur en residubewerking

Die CR10 se 16 000 liter-graantenk sluit 'n kruisskroef-afskakelfunksie in vir volledige beheer tydens aflaai, terwyl draaiende skroefpype egalige vul van waens verseker.

Vir residubewerking verwerk die hooggemonteerde fynkapstelsel groot volumes strooi met akkuraatheid. Dit sluit 'n 500 mm skop, 'n ses ry-kerwer met 88 messe en 67 teenmesse, plus verstelbare spoedinstellings (900 rpm/3 600 rpm) in, wat materiaal tot 18 m (60 vt) oor die land versprei.

New Holland se kenmerkende Twin Rotor™-tegnologie, is in die CR10 vergroot met twee 610 mm (24 duim) rotors van groter deursnee en lengte.

SHELL
LUBRICANT
SOLUTIONS

Driving Planting Success

Innovative lubricant solutions to maximise your planting performance

A strong harvest begins with the planting season. When your equipment performs at its best, every seed has a greater chance to thrive. With Shell's advanced lubricant technology, your tractors and machinery run smoother, stay cleaner, and work more efficiently, helping you reduce downtime and keep your farm moving throughout the season. Choose Shell Lubricants this planting season and invest in reliability that carries you from planting to harvest. Together, we'll shape the Farm of the Future to be more productive, more efficient, and more sustainable with our low-carbon emission portfolio.

Learn more

SHELL SUPPORTING
FARM
OF THE
FUTURE

Power. Performance. Protection.

Start Strong. Keep Every Move Precise.

Tilling. Lifting. Seeding. Spirax S3T & S4 TXM products keep your brakes responsive and your hydraulics steady, so nothing delays your planting schedule. Perfect for early season starts and multi-functional use in the machines.

Maximum Protection. Maximum Performance.

Start Strong. Stay Protected.

Bearings and joints work overtime during planting. Gadus shields them from water, grit, and vibration, extending the equipment life and ensuring smooth operation across the field.

Unstoppable Performance for Your Farm.

Plant with Confidence.

Your tractor's engine sets the tone for the season. Rimula R4 X keeps it clean and protected from day one with long-lasting performance in cold starts and dusty environments.

Die opsionele IntelliSpread™-stelsel gebruik radarsensors om die verspreiding outomaties aan te pas en sodoende konsekwente dekking te verseker.

Afstandbeheer vir teenmesse, ratte en die kapdeurposisie, plus 'n kaplas-aanwyser, help om kapdoeltreffendheid en gehalte te optimaliseer.

Operateur-omgewing en tegnologie

'n Herontwerpte kajuit bevat dubbele IntelliView™ 12-skerms, wat masjienbeheer, kartering en leiding verdeel. Standaardkameras dek die graantenk, aflaaiskroef en agterkant, met opsies vir 'n 360°-voëlvlug en sleepwa-haakkamera.

Verbeteringe sluit in multisone lugbeheer, premium sitplekke, nuwe ergonomie, geïntegreerde Bluetooth en 'n uitgebreide LED-beligtingspakket. Altesaam 36 000 lumen-langafstandligte wat opsioneel is, bied sigbaarheid tot 500 m.

Operateurs kan kritieke funksies vanuit die kajuit beheer, insluitend rotor-, skroef- en kapspoed, DFR- en rotoromkering, en strooi-kapperbetrokkenheid.

Presisieboerdery-integrasie

Die CR10 is toegerus met PLM Intelligence™-pakkette, wat IntelliSense™-outomatisering bied om graangehalte, deurset en verliesbeheer te balanseer. Die Gevorderde pakket bied uitgebreide funksies, terwyl IntelliSteer™-leiding en opbrengs-/vogkartering in verskillende akkuraatheidsvlakke gekonfigureer kan word.

Met IntelliField™-konnektiwiteit kan verskeie masjiene in dieselfde land kaartdata, leidinglyne en grense in reële tyd deel.

Duursaamheid, doeltreffendheid en dryfstelsel

Die CR10 beskik oor 'n twee-spoed hidrostatiese transmissie met TerraLock™-differensiaalslot, SmartTrax™-spoorstelsels in drie breedtes (660 mm, 810 mm, 910 mm), of breë dubbelwiele 710/70 R42 en LSW-bande vir minder grondkompaksie.

Die Cursor 13-enjin is longitudinaal gemonteer in lyn met die rotors vir maksimum doeltreffendheid. Dubbele verkoelwaaiers verbeter lugvloei en verminder geraas. By 'n oesnelheid van 1 900 rpm word brandstofverbruik en geraas beperk, terwyl padmodus teen 1 300 rpm vervoer doeltreffend maak.

Die herontwerpte hidrouliese stelsel met meganiese ontkoppeling tydens aansit en padry bespaar tot 20 hp (15 kW). Lasvoelende pompe en beter filtrasie verhoog betroubaarheid en verlaag instandhoudingsbehoeftes.

New Holland Agriculture voorsien boere wêreldwyd van innoverende toerusting, presisieboerdery-oplossings en toegewyde handelaarsnetwerke. Van die baanbrekende Twin Rotor™-stropers in 1975 tot die gevorderde CR10 en CR11, lei New Holland steeds die pad in oestegnologie.

Die CR10 kombineer vyf dekades se Twin Rotor-leierskap met grondverskuiwende oestegnologie wat Suid-Afrikaanse produsente nou toegang gee tot 'n masjien wat ongeëwenaarde deurset, graangehalte en operateurdoeltreffendheid in die land se uitdagendste omstandighede lewer.

Die CR10 vorm deel van New Holland se nuwe generasie-stroperreeks.

Die CR10 se 16 000-liter graantenk sluit 'n kruis-skroef-afskakelfunksie in vir volledige beheer tydens aflaai, terwyl draaiende skroefpype egalige vul van waens verseker.

Presisie, krag en tegnologie: Fendt beïndruk boere by Dalton Boeredag

deur Bianca Henning

Dalton Boeredag 2025 het vanjaar 'n splinternuwe gesig gehad - Fendt het vir die eerste keer op die geleentheid verskyn, en boere kon nie uitgepraat raak oor die trekkers se gemak, tegnologie en werkverrigting nie.

Prakties in die veld

Hoewel die dag hoofsaaklik 'n teruggee-geleentheid is, waar FMS boere bedank vir hulle ondersteuning, bied dit ook aan boere die perfekte kans om self fisies met die trekkers en implemente in die veld te werk en rond te ry. Boere kon die nuwe tegnologie en werkverrigting van die Fendt Gen6-reeks eerstehands ervaar. Verskeie boere het hulle opgewondenheid uitgespreek toe hulle agter die stuur van die 724 en 720 geklim het.

Gerald Niebuhr, 'n boer van die omgewing, sê: "Ons is opgewonde om die Fendt-trekkers hier in ons omgewing te verwelkom, ons het hulle nog nie tevore hier gesien nie. Ek is nuuskierig om te sien wat hulle vir ons streek en die landboubedryf in hierdie omgewing kan beteken. Die toestande by vandag se boeredag is bietjie nat, maar dit gaan interessant wees om te sien hoe hierdie trekkers selfs in sulke toestande presteer en hoe hulle die implemente hanteer. Hierdie trekkers is ongelooflik modern en het al die volledige funksies en kenmerke waarna 'n boer soek."

Cornie Tosen, algemene bestuurder van FMS, tydens Dalton Boeredag 2025.

Heindrich Eggers en Lutz Beneke, boere van die Dalton-omgewing by Dalton se boeredag by die Fendt Vario 724.

Mark Meyer, nog 'n boer van die Dalton-omgewing, kon nie uitgepraat raak oor die Fendt 724 Vario nie: "Hierdie trekker is werklik indrukwekkend met al die tegnologie in die kajuit. Ek is baie beïndruk met hoe jy alles kan aanpas – watter skerm waar die inligting van die trekker vertoon en hoe dit alles ergonomies maklik beheerbaar is. Die trekker is baie gebruikersvriendelik. Ek sou sê ... dit is die beste in sy klas!"

Twee Duitse boere, ook van die Dalton-omgewing, Heindrich Eggers en Lutz Beneke vertel dat dit lekker is om teenwoordig te wees by 'n dag soos vandag. Albei die twee boere is opgewonde oor Fendt wat hierdie omgewing betree en is optimisties oor Fendt se toekoms onder boere in die streek.

"Fendt het vandag hulle vlagskip trekkers aan ons kom wys, en dit was werklik indrukwekkend. Met hierdie klas trekkers hoef jy nie langer of enige addisionele ure in jou lande te werk nie!" sê Heindrich.

Die Fendt 724 Vario in aksie met die Radium Powerrip.

Kyk die video hier:

"Hierdie trekkers is amper beter toegerus as jou Toyota Hilux-bakkie," voeg Heindrich laggend by.

FMS verwelkom Fendt in KZN

Cornie Tosen, algemene bestuurder van FMS, het almal hartlik verwelkom by die FMS Boeredag: "Ons is trots om die nuwe verspreider van Fendt in KwaZulu-Natal te wees. Die boere in die omgewing was ongelooflik opgewonde om die Fendt-trekkers in aksie te sien. Die terugvoer wat ons van die boere ontvang het, is uiters positief – hulle is veral beïndruk met die gemak, styl en ekonomiese voordele van die trekkers. Ek is positief dat Fendt goed gaan doen in hierdie omgewing."

Cornie het verder verduidelik hoe die 5 jaar of 5000 uur waarborg ekstra gemoedsrus vir boere bring en hulle kan help met finansiële beplanning. Dit bied ook goeie herverkoop- en tweedehandse waarde, aangesien alles onder waarborg gedek word. Volgens Cornie is dit 'n finansiële oplossing wat produktiwiteit verhoog en boere die geleentheid gee om met een van die beste trekkerfabrikate ter wêreld te werk.

Die twee Fendt-reuse, die 724 Vario en 720 wat vir die eerste maal hulle verskyning by Dalton se boeredag gemaak het.

Boere kon eerstehands by die boeredag die werking en gerieflikheid binne die kajuit ervaar.

Een aankoop, volledig toegang tot al die tegnologie

Cornie sluit af met nog 'n voordeel van Fendt: "Nog 'n voordeel om 'n Fendt aan te skaf, is dat jy eenmaal betaal en toegang kry tot al die tegnologie in die trekker – stuurbeheer, veranderlike stuur, seksiebeheer, voorsuspensie, kajuitsuspensie en al die funksionaliteite. Met die rugsteun van 'n vyfjaar-waarborg, wat kan verkeerd gaan?" Hy beklemtoon dat Fendt se trekkers perfek geposisioneer is vir die streek se landboupraktyke.

Fendt se volledige 700- tot 1000-reeks is nou beskikbaar deur FMS in KwaZulu-Natal deur FMS in Pietermaritzburg en Winterton. Vir enige navrae of vir meer inligting, besoek Fendt se webtuiste by **www.fendt.com** of as jy 'n boer in die KwaZulu-Natal-distrik is, reik uit na FMS deur hulle te skakel by **(+27)33-342-2472** of besoek hulle webwerf by **www.mf-pmb.co.za**

FMS

HIGH QUALITY LIVESTOCK HANDLING EQUIPMENT

Cattle Working Crate

From
R38 000-00
excl VAT & Delivery

This working crate includes a front neck clamp, rear sliding gate, and side panels. Can be used to weigh, when used with the LS4 scale.

Sheep Circular Forcing Pen

From
R29 900-00
excl VAT & Delivery

Sheep circular forcing pen, with a 6.2-meter diameter & holds up to 50 sheep.

Neck & Body Clamp

From
R65 000-00
excl VAT & Delivery

The neck and body clamp secures cattle for various tasks like branding, ear tagging, and foot care. Can be used to weigh, when used with the LS4 scale.

Cattle Circular Force Pen

From
R44 000-00
excl VAT & Delivery

The cattle circular force pen efficiently manages 30 to 50 cattle with minimal labor.

7 Theuns Mulder Street, Brits, South Africa, 0250
(+27) 12 250 2188 | sales@taltec.co.za | (+27) 66 299 7939

SCAN ME

SCAN ME

Wholesale Fencing SA: Your trusted partner in agricultural and commercial fencing

Article supplied

When it comes to securing farms, agricultural land, and commercial properties, the importance of high-quality fencing cannot be overstated. Wholesale Fencing SA has established itself as a leading provider of durable and cost-effective fencing solutions tailored to meet the diverse needs of the South African market.

A commitment to quality and affordability

Wholesale Fencing SA specialises in supplying a wide range of fencing products that cater to both small-scale and large-scale agricultural and commercial projects. With a strong commitment to quality, the company sources premium materials to ensure durability, longevity, and effectiveness.

From barbed wire and mesh fencing to electric fencing and security barriers, Wholesale Fencing SA provides solutions that offer both protection and value for money.

Their extensive product range includes:

- **Wire fencing:** Available in various styles such as barbed wire, field fencing, and mesh wire, suitable for livestock enclosures and perimeter security.
- **Palisade fencing:** A robust option for high-security areas, ensuring protection against intruders.
- **Electric fencing:** Ideal for deterring unwanted entry, whether on farms or commercial properties.
- **Game fencing:** Designed specifically for wildlife reserves and game farms to keep animals secure while preserving their natural habitat.
- **Gates and accessories:** A complete fencing solution requires sturdy gates and high-quality accessories to complement the fencing system.

Serving the agricultural and commercial sectors

South Africa's agricultural sector is one of the largest consumers of fencing solutions due to the need for secure boundaries, livestock control, and crop protection. Wholesale Fencing SA understands these requirements and offers tailored solutions that ensure efficiency and reliability. Farmers rely on their fences to safeguard their livestock from predators, demarcate grazing lands, and prevent crop damage.

In the commercial sector, businesses and industrial properties require high-security fencing to protect assets, restrict access, and enhance safety. Wholesale Fencing SA works closely with businesses to provide fencing solutions that align with their security needs while maintaining aesthetic appeal.

Why choose Wholesale Fencing SA?

Extensive product range – A comprehensive selection of fencing options for different applications.
Competitive pricing – Cost-effective solutions without compromising on quality.
Nationwide delivery – Serving customers across South Africa with prompt and reliable delivery.
Expert advice – Professional guidance to help customers choose the best fencing solution for their needs.
Customisation options – Tailored fencing solutions to meet unique requirements.

Secure your property with confidence

Whether you are a farmer looking to protect livestock, a game reserve owner needing secure fencing, or a business requiring top-tier security solutions, Wholesale Fencing SA is your go-to provider. With a reputation built on quality, affordability, and excellent customer service, they continue to be a trusted name in the fencing industry.

For more information on their products and services, visit https://wholesalefencingsa.co.za/ or contact their expert team today.

IRRIGATION UNLIMITED
SINCE 2003

VANLOK+
TURF FITTINGS
Colour coded for your convenience!

NEW & IMPROVED

- ABS MATERIAL
- UV RESISTANT
- DURABLE DESIGN

www.iunlimited.co.za
Wholesale supplier and distributor of a wide range of irrigation products

Tobie Van Den Heever +27 82 658 6054
Henko Cilliers +27 71 303 8829

FIND YOUR NEAREST DEALER
PTA +27 12 736 2121 | **CPT** +27 21 946 1194

Corteva's SureStart®
brings peace of mind to maize farmers

Article supplied

SureStart® Reg. No. L10385 The Herbicide Solution for Weed Control in Maize

At Corteva, we put Farmers First by delivering products that solve real challenges in the field. Weed pressure in maize can impact yield and profitability. That's why farmers turn to SureStart® herbicide.

This systemic suspension emulsion herbicide provides dependable, broad-spectrum control of annual broadleaf weeds and grasses, including those resistant or tolerant to glyphosate. Applied from pre-plant through early post-emergence, it gives farmers the flexibility they need when conditions cause delays.

Why farmers choose Surestart®

- Tank-mix and compatible with glyphosate (refer to label)
- Broad-spectrum control, including herbicide-resistant species
- Convenient premix formulation at the optimum use rate for maize
- Can be used in atrazine-restricted areas
- Effective across all tillage systems

With SureStart®, farmers know their maize crop is protected from the start, giving them peace of mind and setting them up for success at harvest.

Learn more about this Farmer First solution by visiting **www.corteva.co.za**

EFFICIENT GROUND PREP

FORIGO
Ready to fit you

EFFICIENT PLANTING

Ferrari GROWTECH

agricola italiana
PNEUMATIC PRECISION SEED DRILLS

EFFICIENT WEEDING

Ferrari GROWTECH
veg equipment innovators

REBELO
AGRICULTURAL GROUP

CONTACT US	VISIT US AT
011 613 7438	www.rebelo.co.za
082 716 1664	@rebeloagri
072 525 9047	@Rebelo Agricultural

PARTNERED WITH THOSE WHO FEED THE NATION!

Miltsiekte: Boere by Wildtuin moet roer om besmetting te voorkom

deur Tisha Steyn

'n Uitbreking van miltsiekte in die Krugerwildtuin is rede tot kommer vir boere wat met vee en of wild langs die Wildtuin boer.

"Boere moenie wag totdat hulle vee of wild begin vrek nie, hulle moet onmiddellik begin om hulle diere in te ent," se dr Gerrit Scheepers van Phalaborwa Dierekliniek.

Jaarlikse inenting teen *Bacillus anthracis* word deur die wet (Wet 35 van 1984) vereis en alle vee moet vanaf die ouderdom van vier maande met lewendige entstof ingeënt word.

Anders as korridorsiekte, het miltsiekte nie 'n klassieke seisoenale tendens nie, dit breek onverwags uit. Daar is ook nie waarskuwingsimptome van die bedreiging nie, want die diere vrek binne 72 uur ná besmetting. Al teken is dooie diere, dikwels naby watergate. Bloed by die dier se bek en anus, asook 'n geswelde kop en nek, kan 'n aanduiding wees dat die dier van miltsiekte gevrek het.

Dit is belangrik om daarop te let dat die bakterie slegs deur direkte aanraking met die liggaamsvloeistof van 'n besmette dier oorgedra word. Daarom is dit heeltemal taboe is om 'n karkas met miltsiekte oop te sny miljoene spore van *Bacillus anthracis* kan versprei en tot 250 jaar in die grond voortbestaan.



Aasvoëls wat aan 'n karkas van 'n dier wat van miltsiekte gevrek het vreet, kan die spore van *Bacillus anthracis* maklik na vee- en wildplase langs die Krugerwildtuin se grens versprei. (Foto: Pixabay)

Brommers wat op die liggaamsvloeistof van diere wat van miltiekte gevrek het, kan die spore van Bacillus anthracis ver versprei. (Foto: Pixabay)

Flink optrede

Gerrit se eerste ervaring van miltsietke was in 1993/'94 toe 'n massiewe uitbreking op Letaba Ranch langs die Wildtuin voorgekom het. Net soos met die korridorsiekte-uitbreking vroeër vanjaar, het Gerrit se vinnige optrede toe vrugte afgewerp.

Buffels is kwesbaar vir miltsiekte en omdat hulle in groot troppe 'n ruk lank op dieselfde plek wei en saam by 'n watergat gaan suip, versprei hulle die spore van *Bacillus anthracis*. (Foto: Pixabay)

"Toe die siekte in 1993/'94 op die privaateiendom langs die Wildtuin uitbreek, het ek besef daar moet blitsig opgetree word. Ek het al die boere laat weet om onmiddellik hulle vee in te ent."

Hy het self ingespring en veral kosbare wild soos buffels, koedoes, swartwitpense en bastergemsbokke vanuit 'n helikopter gepyl. "Ons het tydelike bomas opgerig en so 20, 30 buffels op 'n keer in die boma gejaag sodat hulle gepyl kan word. Die geënte buffels is uitgejaag tot op 'n afgeleë plek voor die volgende trop gepyl is.

"Toe is ander waardevolle wild en ander vatbare populasies tot by Manyeleti- en Andover-natuurreservaat geteiken. Binne twee weke was die uitbreking onder beheer."

Volgens Gerrit het vinnige optrede, sy vaardighede en sy opleidingsagtergrond gehelp dat hy die uitbreking reg gelees en opgetree het. "Ons het daardie jare goeie opleiding gekry en dit wat 'n mens in die veld waarneem, lui 'n klokkie sodat jy sinvol na die oorsaak, verloop en uitkoms kan kyk en 'n oplossing vind."

Veral buffels en koedoes het toe, soos nou, deurgeloop en hy het hom afgevra waarom. "Buffels loop in groot troppe wat lank op 'n weiveld en by 'n watergat vertoef. Koedoes weer het 'n manier om stadig en versigtig aan te stap na 'n watergat terwyl hulle aan boomblare knibbel. Na hulle water gedrink het, vertoef hulle nog 'n ruk by die watergat."


PRECISION DISK 550T
AROUND
Seamless integration with FieldOps™ for full field mapping and data analysis. Make better seed, hybrid and input decisions using zone-specific data.
IN
Parallel-link row unit with 7.5" or 10" spacing and options for 30 or 40 ft widths – built for precision in high-residue and tough field conditions. Constant, accurate and unmatched performance delivering the yield you need and a stronger bottom line.
ON
Hydraulic downforce and blockage sensors provide in-cab control over rate and row function. Peace of mind with every pass – ensure accurate delivery per kilogram per hectare.
CONTACT YOUR NEAREST DEALER OR BRANCH FOR MORE INFORMATION
www.caseih.co.za
CASE IH

Omdat besmette diere wat kom water drink dikwels by die watergate vrek, is die risiko groot dat ander diere daar besmet kan raak. Die *Bacillus anthracis*-spore word veral deur brommers en aasvoëls wat op die karkas van die besmette dier voed versprei. Hoewel jakkalse, hiënas en wildehonde nie vir die siekte vatbaar is nie, kan hulle ook die spore versprei.

Dis waar die risiko vir boere op vee- en wildplase naby die Wildtuin waaksaam moet wees, want aasvoëls en brommers vlieg waar hulle wil ...

Geen risiko vir toeriste in die Wildtuin

SANParke het op 25 September vanjaar in 'n mediaverklaring bevestig dat gelokaliseerde voorvalle van miltsiekte in die Wildtuin voorkom. "Die voorvalle is normaal en stem ooreen met die siekte se natuurlike siklus in die Wildtuin en hou min risiko vir besoekers in," lui die verklaring.

Miltsiekte is endemies in die gebied en sporadiese gevalle word jaarliks veral in die noordelike dele van die Wildtuin aangemeld. Gelokaliseerde uitbrekings kom soms in die winter voor, soos die uitbreking in die Nwanetsi-gebied in 2015. Vanjaar se uitbreking het veral koedoes en buffels geraak, wat ook tipies is en nie die voortbestaan van hierdie spesies of die Wildtuin se biodiversiteit bedreig nie.

SANParke het besoekers verseker dat daar nie 'n risiko vir respiratoriese besmetting is nie en dat toeriste-aktiwiteite in die Wildtuin veilig is. Besoekers mag in elk geval nie hulle voertuie verlaat buiten op spesifieke plekke nie en die opgeleide gidse en personeel weet hoe om hierdie situasies te hanteer.

Toeriste word nietemin gemaan om nie dooie diere te nader of aan te raak nie, maar dit is ook deel van die Wildtuin se standaard regulasies.

Hoewel roofdiere soos hiënas, jakkalse en wildehonde nie vatbaar is vir miltsiekte nie, kan hulle spore van *Bacillus anthracis* versprei. (Foto: Pixabay)

Bronverwysings

Anthrax Cases Reported in Kruger National Park – No Cause for Concern for Visitors (Mediaverklaring Verw 9/2/2 – KNP 25 September 2025 Uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Parkeraad (SANParks).

Basson, L., Hassim, A., Dekker, A. Gilbert, A., Beyer, W., Rossouw, J., Van Heerden, H. (2018) Blowflies as vectors of *Bacillus anthracis* in the Kruger National Park Koedoe https://doi.org/10.4102/koedoe.v60i1.1468 https://scielo.org.za/scielo.php?script=sci_arttext&pid=S0075-64582018000100009

Koedoes is baie vatbaar vir miltsiekte omdat hulle graag aan blare peusel terwyl hulle aanstap water toe. (Foto: Pixabay)

6 years of change and our warranty protects your investment

A lot can change in 6 years. Our 6-year drivetrain warranty promise protects your investment against the test of time. Built to keep your business moving, supporting uptime, growth and daily operations, all the way. Ts and Cs apply.

HINO
A Toyota Group Company

6-YEAR DRIVE-TRAIN WARRANTY

HINO ALL THE WAY

Vriend of vyand deel 2: Rooikatte

deur Tisha Steyn

Dominante individue kan help om ander rooikatte en roofdiere soos jakkalse uit die gebiede hou.

Die rooikat (*Caracal*) is 'n mediumgroot wilde kat wat in Afrika, die Midde-Ooste en Sentraal-Asië voorkom.

Waar mense en diere in dieselfde gebied voorkom sal daar altyd 'n mate van konflik wees en veral veeboere is dikwels onverdraagsaam teenoor predatore soos rooikatte, jakkalse en luiperds (waarna in die vorige artikel verwys is).

Rooikatte word ook met argwaan bejeën, veral op plase waar die natuurlike prooispesies vir verskeie redes uitgedun is en rooikatte maar moet staatmaak op vee.

Ken jou 'vyand'

Rooikatte, soos jakkalse, word as mesapredatore beskou. Dit beteken hierdie medium-grootte katspesie is 'n sekondêre roofdier in die voedselketting.

Hulle is baie aanpasbaar wat habitat en prooi betref. In Suid-Afrika kom hulle in ruwe terrein soos koppies en berge voor, maar ook in bossieveld. Rooikatte verkies droër gebiede waar hulle rooierige kleur hulle naatloos met die landskap laat saamsmelt. As dit nie was vir die kenmerkende spits ore met swart tossels en die strepe op die gesig nie, sal jy hulle sowaar nie raaksien nie.

Dieet

Rooikatte is goeie klimmers, kan vinnig hardloop en hoog spring om maklik voëls uit die lug te gryp. Klein voëltjies en knaagdiere word met die lang slagtande doodgebyt en op die plek verslind. Groot prooidiere word soms gebêre om later op te vreet. Hulle is egter nie aasdiere nie.

Hulle verkry die meeste van die vloeistof wat hulle benodig deur die prooi, maar drink water indien dit beskikbaar is.

Rooikatte maak jag op 'n wye verskeidenheid klein tot medium-grootte prooisoorte waaronder hase, blouape, dassies, voëls, reptiele en jong wildbokke, soos springboklammers. Hulle help om haas-, dassie- en knaagdiergetalle in toom te hou.

Rooikatte speel 'n belangrike rol in die handhawing van 'n ekologiese balans.

Voortplanting

Min is bekend oor hulle sosiale gedrag en paringsgewoontes, maar hulle is bekend daarvoor dat hulle alleenlopers en gebiedsgebonde is. Hulle jag gewoonlik in die nag, maar beweeg wel soms gedurende die dag rond.

Die mannetjies se loopgebied is aansienlik groter as die wyfies s'n en die gebied word met urine en krapmerke afgebaken. Hoe meer prooidiere beskikbaar is, hoe kleiner is die loopgebied.

Die wyfie maak 'n lêplek in ruie boskasie of 'n ou erdvark- of ystervarkgat. Die draagtyd is gewoonlik 62 tot 81 dae en tot ses welpies word gebore. Hoewel die welpies by geboorte blind en hulpeloos is, begin hulle op 'n paar weke oud rondom die lêplek 'jag'. Hulle word op ses maande gespeen en is tussen sewe en tien maande geslagsryp, maar sal waarskynlik eers paar nadat hulle op twaalf maande die ma verlaat.

Hoe weet jy of 'n rooikat jou vee gevang het?

Navorsing in die Namakwa- nasionale park in Namakwaland in die Noord-Kaap het getoon dat luiperds, jakkalse en rooikatte opportunistiese jagters is en dat hulle dieet afhang van die beskikbaarheid van prooi en hoe maklik die prooi gevang kan word.

Op kleinveeplase langs die park het luiperds en jakkalse byvoorbeeld vee gevang wanneer klein bokspesies afwesig is. Steenbokke was die hoofprooi in die park, terwyl skape op naasliggende plase bo-aan die spyskaart was.

Daarenteen het rooikatte dassies, hase en konyne in die park en op die plase verkies en selde vee gevang. Maar hulle is heeltemal in staat om vee te vang, en doen dit ook wanneer daar nie natuurlike prooi is nie.

Hulle is ook, net soos luiperds, bekend daarvoor dat hulle soms meer prooi doodbyt as wat hulle kan opvreet, veral wanneer die ma die kleintjies leer jag.

mahindra
TRACTORS
6075 4WD
YOUR PARTNER
FOR EVERYDAY
FARMING SUCCESS
UP TO PRIME LESS
5%
36 Months (Annual or Monthly)
20% deposit
Mahindra
6075
Standard Bank
No. 1 Tractor Company in the World*
MAHINDRA TRACTORS
TOUGH ENOUGH
PEACE OF MIND ASSURANCE*
5 YEAR* WARRANTY
5
3000 HOURS* WARRANTY
3
3-WORKING DAY TURNAROUND
3
Terms and conditions apply | Valid until end September 2025 or while stock is available
mahindrafarmequipment.co.za | 012 661 3161 | Nellmapius and John Voster, Centurion Outlying, South Africa

Tekens van rooikat by prooi

- Die rooikat het tipiese katagtige spore sonder sigbare naelafdrukke. Hulle mis lyk soos 'n huiskat s'n maar is groter en kan hare bevat.
- Die prooi word gewoonlik doodgemaak deur 'n byt aan die keel/lugpyp net onder die prooidier se kaak.
- Bytmerke het kenmerkend twee slagtandwonde weerskant van die keel/lugpyp.
- Kloumerke is dikwels sigbaar op die skouer, maag of voorkant van die agterbeen van 'n karkas.
- Soms word die prooi 'n entjie gesleep en die karkas kan met plantmateriaal of grond bedek wees.
- Soms word 'n deel van die karkas, soos die nek, na die kleintjies geneem.

In baie dele van Suid-Afrika en Namibië word rooikatte as probleemdiere beskou en meedoënloos gejag. Omdat hulle so sku is en hoofsaaklik snags rondbeweeg, is dit moeilik om te bepaal hoeveel rooikatte oor is. Die Cape Leopard Trust is besig met navorsingsprogramme om oplossings te vind om konflik te versag.

Rooikatte verkies droër gebiede waar hulle rooierige kleur hulle naatloos met die landskap laat saamsmelt. (Bron: https://africageographic.com/stories/caracal/|)

Verspreiding van die rooikat. (Bron: https://africageographic.com/stories/caracal/|)



Handleiding

CapeNature en die Cape Leopard Trust het onlangs 'n handleiding die lig laat sien wat Wes-Kaapse boere kan help om die predatoor-uitdagings die hoof te bied. Die handleiding verduidelik in Afrikaans en Engels hoe wilde diere wat as 'n probleem beskou word, op 'n nie-dodelike, proaktiewe manier bestuur kan word deur konflik te verminder of te vermy, en hoe om te identifiseer watter roofdier verantwoordelik was vir 'n vangs, maar ook watter waardevolle rol elke dier in die ekologie speel.

Bronverwysings

Jansen, C. (2016) *Diet of key predators responsible for livestock conflict in Namaqualand,* South Africa https://scholar.sun.ac.za/items/08728f7a-0333-40ad-bb3e-b85010e093a5 2016-03 Thesis (MScConsEcol)--Stellenbosch University, 2016.

Caracal: Africa's deadly beauty Africa Geographic https://africageographic.com/stories/caracal/

ALGAR
IND BK
Veehanteringstoerusting
Livestock Handling Equipment
www.algar.co.za
082 324 6256
algar@algar.co.za

Need new parts for your spraying equipment?
Our Expertise Includes Assembling:
Nozzles | Nozzle Holders | Jacto Pumps | Strainers | Clamps | Hose & Fittings | Tanks | And much more!
We stock Quantum & ARAG Parts
We supply and deliver nationally
Excellent Client Service
WES TRANSVAAL
SPUITPARTE
060 960 6038
27 Mathew St, Lichtenburg, 2740, South Africa

Agri4all .com
NOT THE MATCH YOU
WERE LOOKING FOR?
It's a match!
Annetjie 27
25km away
WE GET TO KNOW YOUR BUSINESS SO THAT WE CAN OFFER YOU, YOUR PERFECT MATCH IN AGRICULTURAL PRODUCTS.
diane@proagri.co.za
082 555 6866
www.agri4all.com

SWITCH TO FREEZE BRANDING, BECAUSE YOU CARE.
Cattle branding that leaves no scars & grain disfigurement which is stress free for livestock.
Less painful
Hygienic
Safe
Permanent
Highly visible
Dry ICE 4 FARMING
www.dryice.co.za
078 164 1712

MINING | INDUSTRY | MUNICIPAL | AGRICULTURE | FOOD AND BEVERAGE | FIRE FIGHTING
RAINBOW RESERVOIRS
Premium quality Aluzinc steel sectional tanks for bulk water storage throughout Africa
LISTED AND APPROVED SUPPLIER ASIB
South Africa
WISA Water Institute of Southern Africa
FIRE PROTECTION ASSOCIATION OF SOUTHERN AFRICA
www.rainbowtanks.co.za
sales@rainbowres.com | +27 (0)11 965 6016

YOUR ONE-STOP CATTLE & SHEEP
HANDLING EQUIPMENT SUPPLIER
NATIONWIDE DELIVERY
VDW
FARMING AND ENGINEERING
We also supply a wide range of other
agricultural equipment.
Mobile crush & neck clamps
Cattle neck clamps
Standard & mobile loading ramps
Loading ramps & panels
Enclosure panels
Gated enclosure panels
Feeding troughs
Work stations
2 Way sorting gates
Support arches
Support arches with gate
Weigh bars
Spray race
Branding irons
Bale rings
Scales
info@vdwengineering.co.za
www.vdwengineering.co.za
072 901 4033

TUGELA STEEL
STEEL STRUCTURES
QUALITY • INTEGRITY • SERVICE
THE TRUSTED NAME IN STEEL STRUCTURES
FOR OVER 40 YEARS.
Tugela Steel, Block A, Sunbury Park,
Douglas Saunders Drive,
La Lucia Ridge, Durban
Phone: +27 31 566 4601
Email: sales@tugela.co.za
Website: www.tugelasteel.co.za
AVAILABLE STEEL STRUCTURES
• Farming Sheds
• Prefabricated Steel Buildings
• Industrial Steel Structures

www.faw.co.za
JH6 28.550FT AMT
DRIVING AFRICA
FORWARD
Setting a new benchmark in trucking – advanced safety, premium comfort, and unmatched performance, all standard.
550Hp engine with 2,600Nm torque for peak performance.
Advanced Emergency Braking System
Electric Stability Control
Forward Collision Warning
FAW TRUCKS SOUTHERN AFRICA
Head office:
45 Brabazon Road, Isando,
Gauteng | marketing@faw.co.za
SCAN THE QR CODE TO CONTACT US

Corteva Crop Protection

Putting Maize Farmers First

SureStart®

HERBICIDE

Broadleaf Weeds & Grasses

SureStart® (Reg. No. L10385) is a suspension concentrate herbicide that can be applied as a pre- and early post-emergence control of annual broadleaf weeds and some annual grasses, providing growers with the flexibility to overcome unexpected delays at application.

SureStart® includes three unique active ingredients as well as three modes of actions that provide foundation control of ALS-, glyphosate and triazine resistant weeds. Provides dependable, broad-spectrum control of grasses and broadleaf weeds as listed on the label including herbicide resistant species.

Scan This Code To See What Farmers Say About SureStart®!

FOR MORE INFORMATION CONTACT THE REGISTRATION HOLDER: Corteva Agriscience RSA (Pty) Ltd · Reg. No. 1997/003030/07 • **Paarl** +27 (0) 21 003 8259 • **Centurion** +27 (0) 12 683 5700 • 2nd Floor, Building A, Lakefield Office Park, 272 West Avenue, Centurion, 0157, Gauteng, Republic of South Africa.

ALWAYS USE ACCORDING TO LABEL RECOMMENDATIONS: SureStart® contains Acetochlor (450 g/L), Clopyralid (35 g/L), Flumetsulam (14 g/L) and Furilazole (10.79 g/L) • Reg. No. L10385 | Act No. 36 of 1947 • HAZARD STATEMENT(S) Causes mild skin irritation. May cause an allergic skin reaction. Causes serious eye irritation. May cause respiratory irritation. Very toxic to aquatic life with long lasting effects. ™ ® Trademarks of Corteva Agriscience and it's affiliated companies. © 2025 Corteva.

DANGER

DOWNLOAD OUR CORTEVA FARMFUNDI APP FOR MORE RESOURCES

Available on the App Store

GET IT ON Google Play

CORTEVA agriscience

Visit us at **corteva.co.za**